**9 April**

**Skrifgedeelte: Markus 10:13-16**
**Fokusgedeelte: Markus 10:15**

## Die koninkryk is bedoel vir hulle wat dit gretig ontvang

Het jy al gesien hoe gretig 'n kind iets ontvang? Of dit nou 'n lekkertjie of 'n nuwe fiets is, daar is vir 'n kind niks so lekker soos om iets te kry nie en dan veral as dit onverdiend en onverwags is. Die ouers van die kinders in ons teksgedeelte wou vir hulle kinders iets besonder waardevols gee – aanraking deur ons Here Jesus sodat sy seën op hulle sou kom. Die dissipels raas egter met die ouers, heel moontlik omdat hulle nie wou hê mense moes ons Here onnodig lastig val nie. Hierdie kindertjies is as die geringstes in die samelewing gereken en hulle het dus volgens die dissipels geen aanspraak op die Here se tyd en aandag gehad nie.
Maar toe ons Here sien wat die dissipels doen, is Hy verontwaardig. Mens sou dit sterker kon stel: Jesus het Hom vir sy dissipels vervies, omdat hulle optrede in sy oë verkeerd was. Heel moontlik was Hy hartseer daaroor, omdat sy dissipels nog steeds nie die aard van sy koninkryk verstaan het nie. En daarom gebruik Hy die geleentheid om hulle weer daaroor te leer. As iemand sy koninkryk wil ontvang, moet hy dit soos een van hierdie kindertjies doen – met dieselfde gretigheid om die genade van God as 'n onverdiende en onverwagte geskenk aan te gryp!
So word die gelowige se afhanklikheid en nederigheid voor sy Koning duidelik. En hy mag die koninkryk van die Koning ingaan. Ontvang jy die koninkryk van God met dieselfde gretigheid as hierdie kindertjies? Dit is net moontlik as jy dieselfde nederigheid en afhanklikheid in jou hart dra as wat ons dikwels by kindertjies sien.

*Sing: Skrifberyming 16-1:1, 2, 3* *Dr. H Goede (Vereeniging-Oos)*